

## HANDLEIDING OOR TOEGANG TOT INLIGTING

(SOOS VEREIS DEUR ARTIKEL 51 VAN WET 2 VAN 2000, WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING)

EXPERIAN SOUTH AFRICA (EDMS) BPK EN SY FILIALE

### I. INLEIDING

Experian is 'n toonaangewende inligtingsdiensmaatskappy, wat beteken dat ons groot hoeveelhede data bestuur. Ons was nog altyd daartoe verbind om data verantwoordelik te gebruik om 'n positiewe verskil vir jou te maak. In hierdie moderne, datagedrewe wêreld kan 'n mens maklik tred verloor met hoe jou persoonlike data gebruik word. Juis daarom werk ons hard daaraan om jou algehele deursigtigheid te bied oor watter data ons het en hoe ons dit gebruik.

Hierdie handleiding bied jou inligting oor die tipe data in ons besit, sowel as die proses wat jy behoort te volg om toegang te verkry tot inligting waaroor Experian South Africa (Edms) Bpk en die filiale onder ons bestuur beskik. Waar hierdie handleiding na Experian verwys, sluit dít ook die filiale in die aangehegte bylae A in.

Hierdie handleiding is opgestel ingevolge artikel 51 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000 (“**PAIA**”) én om aan die vereistes van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting van 2013 (“**POPIA**”) en die gepaardgaande regulasies, veral regulasie 4, te voldoen.

Die doel van die handleiding is dus:

- (i) om deursigtige dataverwerking te ondersteun en die reg op toegang tot inligting te bevorder deur moontlike versoekers by te staan met die prosedure wat gevolg moet word om toegang tot inligting/dokumente van Experian te versoek, **soos wat PAIA beoog**; en
- (ii) om onder andere te beskryf vir watter doeleindes persoonlike inligting verwerk kan word, watter tipes persoonlike inligting van watter kategorieë datasubjekte Experian verwerk, die ontvangers aan wie persoonlike inligting voorsien kan word, en in watter omstandighede oorgrensdataoordrag ingevolge POPIA kan plaasvind.

Let asseblief daarop dat versoeke vir toegang tot inligting of vir regstelling, uitwissing of die staking van verwerking ingevolge onderskeidelik artikel 23 en 24 van POPIA deur ons [Trust Centre](#) moet geskied.

Hierdie handleiding kan van tyd tot tyd gewysig word, en die jongste weergawe wat op ons webtuiste verskyn, is die een wat geld. Vir verdere inligting oor hoe om PAIA te verstaan en hoe om PAIA-handleidings doeltreffend te gebruik, raadpleeg gerus die [Gids vir die gebruik van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000, soos gewysig](#), wat die Inligtingsreguleerder uitgegee het.

Die handleiding lê op versoek in kantoortyd gratis ter insae vir die algemene publiek by die kantoor te Ballyclarerylaan 35, Ballyoaks-kantoorpark, Bryanston, Sandton, Suid-Afrika. Afskrifte is ook by die Suid-Afrikaanse Mensregtekommissie te kry. Boonop verskyn 'n kopie op ons webtuiste by [www.experian.co.za](http://www.experian.co.za).

## II. DIE ARTIKEL 10-GIDS OOR HOE OM PAIA TE GEBRUIK [artikel 51(1)(b)]

Enige versoeker word aangeraai om die inligtingsbeampte by [informationofficerafrica@experian.com](mailto:informationofficerafrica@experian.com) te kontak vir bystand ten opsigte van hierdie handleiding.

**Kontakpersoon:** Inligtingsbeampte  
**Straatadres:** Ballyoaks-kantoorpark  
Ballyclarerylaan 35  
Bryanston, Sandton  
**Posadres:** Ballyoaks-kantoorpark  
Ballyclarerylaan 35  
Bryanston, Sandton  
2191  
**Webtuiste:** [www.experian.co.za](http://www.experian.co.za)  
**E-pos:** [informationofficerafrica@experian.com](mailto:informationofficerafrica@experian.com)  
**Telefoon:** 011 799 3400

Jy kan ook die Menseregtekommissie kontak vir leiding oor hoe om toegang tot ons inligting te verkry:

**Kontakpersoon:** Menseregtekommissie  
**Posadres:** Privaat Sak 2700  
Houghton  
2041  
**Straatadres:** PAIA-eenheid  
Princess of Wales Terrace 29  
h.v. York- & Andrewstraat  
Parktown  
**Telefoon:** +27 11 484 8300  
**Faks:** +27 11 484 0582  
**Webtuiste:** [www.sahrc.org.za](http://www.sahrc.org.za)  
**E-pos:** [PAIA@sahrc.org.za](mailto:PAIA@sahrc.org.za)

Daar is op 29 Junie 2021 aangekondig dat die Inligtingsreguleerder voortaan die administrasie van PAIA sal behartig.

**Kontakpersoon:** Inligtingsreguleerder  
**Posadres:** Privaat Sak 31533  
Braamfontein  
2017  
**Straatadres:** JD House  
Stiemensstraat 27  
Braamfontein  
Johannesburg  
**Webtuiste:** [www.justice.gov.za](http://www.justice.gov.za)  
**E-pos:** [enquiries@info regulator.org.za](mailto:enquiries@info regulator.org.za)

### III. REKORDS IN EXPERIAN EN SY FILIALE SE BESIT

#### (i) Vrywillige openbaarmakings en outomatiese beskikbaarheid (artikel 51(1)(c))

Daar is tot op hede geen kennisgewing(s) ingevolge artikel 52(2) van PAIA gepubliseer oor die kategorieë rekords wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n versoek vir toegang ingedien hoef te word nie. Nietemin kan dokumente wat wél gereedlik beskikbaar is, op die webtuiste van Experian South Africa, [www.experian.co.za](http://www.experian.co.za), bekom word. Verdere inligting in die vorm van bemarkingsbrosjures, reklamemateriaal en ander openbare kommunikasie word van tyd tot tyd beskikbaar gestel.

#### (ii) Rekords beskikbaar ingevolge ander wetgewing (artikel 51(1)(d))

Experian bewaar rekords ingevolge die wetgewing in bylae B, in soverre dit van toepassing is op ons werksaamhede.

Let asseblief daarop dat hoewel ons alles moontlik gedoen het om 'n lys van tersaaklike wetgewing te voorsien, die lys in bylae B steeds onvolledig kan wees. Ons sal dit bywerk sodra ons bewus word van ander bestaande óf nuwe wetgewing wat 'n versoeker toegang bied op 'n ander grondslag as dié wat PAIA bepaal. Indien 'n versoeker glo dat daar ingevolge ander wetgewing as dié in bylae B, of enige ander wetgewing, 'n reg op toegang tot 'n rekord bestaan, moet die versoeker aandui op watter wetlike reg die versoek gegrond is sodat die inligtingsbeampte die versoek in die lig daarvan kan oorweeg. Die toeganklikheid van dokumente en rekords kan voorts onderworpe wees aan die gronde vir weiering wat in hierdie handleiding uiteengesit word.

Indien wetgewing vereis dat Experian spesifieke rekords ter insae beskikbaar stel, sal die maatskappy gehoor gee, met dien verstande dat daar geen ander wet of 'n ooreenkoms bestaan wat Experian verhinder om dit te doen nie, dat die toegang versoek word deur 'n belangstellende party wat op die inligting geregtig is, en dat dit ingevolge die vereistes, voorwaardes en voorskrifte van PAIA, die spesifieke wetgewing en enige interne Experian-beleide en -prosedures geskied.

**(iii) Experian beskik oor verskillende tipes inligting (artikel 51(1)(e))**

Experian bewaar rekords in die kategorieë in bylae C.

**(iv) Algemeen**

Let asseblief daarop dat die dokumente waaroor Experian ingevolge artikel 51(1)(d) en (e) van PAIA beskik, nie gereidelik beskikbaar is nie, en aan die gronde vir weiering in hierdie handleiding onderworpe kan wees. Versoeke vir toegang tot hierdie dokumente sal van geval tot geval oorweeg word, en Experian behou die reg om ooreenkomstig die bepalings van PAIA te weier om toegang tot rekords te verleen. Enige versoek vir inligting moet ingevolge artikel 63 tot 67 van PAIA gemotiveer word.

#### **IV. DIE VERSOEKPROSEDURES INGEVOLGE PAIA**

Versoekers moet die voorgeskrewe vorm gebruik om 'n versoek vir toegang tot 'n rekord in te dien. Die versoekvorm is by <https://www.experian.co.za> óf by ons kantore te kry. Die versoek moet aan die inligtingsbeampte gerig word by Experian se adres, faksnommer of e-posadres.

Die versoeker moet aan alle prosesvereistes van PAIA ten opsigte van 'n versoek vir toegang tot 'n rekord voldoen, en moet in die besonder voldoende inligting op die versoekvorm verstrek sodat die hoof van die privaat liggaam die rekord en die versoeker kan identifiseer. Versoekers moet ook aandui in watter vorm hulle toegang verlang. Daarbenewens moet versoekers aandui of enige ander metode gebruik moet word om met hulle in aanraking te kom, en die nodige inligting verstrek sodat Experian op die versoek kan reageer.

**VERSOEKERS MOET AANDUI WATTER REG HULLE BEOOG OM UIT TE OEFEN OF TE BESKERM, EN 'N VERDUIDELIKING BIED VAN WAAROM DIE VEREISTE REKORD VIR DIE UITOEFENING OF BESKERMING VAN DAARDIE REG BENODIG WORD.**

Indien 'n versoek namens iemand anders gerig word, moet daar tot bevrediging van Experian bewys gelewer word van die hoedanigheid waarin die versoeker die versoek rig.

Ons sal binne 30 dae ná ontvangs van 'n geldige en volledige versoek (welke 30 dae tot 60 dae verleng kan word) reageer deur aan te dui of jou versoek vir toegang toegestaan of geweier word. Let asseblief daarop dat die suksesvolle voltooiing en indiening van 'n versoek vir toegang tot inligting nie die versoeker outomaties toegang tot die vereiste rekord verleen nie.

Bogenoemde tydperk van 30 (dertig) dae kan met 'n verdere maksimum tydperk van 30 (dertig) dae verleng word indien die versoek op 'n groot hoeveelheid inligting betrekking het of 'n soektog na inligting by 'n ander Experian-kantoor behels, en die inligting nie redelikerwys binne die oorspronklike tydperk van 30 (dertig) dae bekom kan word nie.

Toegang tot 'n rekord word slegs verleen indien:

- die rekord vir die uitoefening of beskerming van enige reg vereis word;
- die versoeker aan die prosesvereistes vir 'n versoek ingevolge PAIA voldoen; en
- toegang tot die rekord nie geweier word ingevolge enige grond vir weiering wat hoofstuk 4 van deel 3 van PAIA beoog nie.

Die versoeker moet die voorgeskrewe fooi en, waar van toepassing, die deposito betaal voordat enige verwerking kan geskied.

## **V. REDES VIR WEIERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING**

'n Privaat instelling soos Experian mag slegs op die volgende gronde 'n versoek vir toegang tot inligting weier:

- Artikel 63 maak voorsiening vir die verpligte beskerming van die privaatheid van 'n derde party wat 'n natuurlike persoon is.
- Artikel 64 maak voorsiening vir die verpligte beskerming van die kommersiële inligting van 'n derde party indien die rekord:
  - bedryfsgeheime van sodanige derde party bevat;
  - ander finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting bevat wat waarskynlik die finansiële of kommersiële belange van die derde party sal skaad indien dit onthul word; of
  - inligting bevat wat 'n derde party vertroulik aan Experian voorsien het en wat die derde party in onderhandelinge of kommersiële mededinging kan benadeel indien dit onthul word.
- Artikel 65 maak voorsiening vir die verpligte beskerming van sekere vertroulike inligting van derde partye waarvan die onthulling op 'n skending van 'n vertrouenspog teenoor sodanige derde party ingevolge 'n ooreenkoms sal neerkom.
- Artikel 66 maak voorsiening vir die verpligte beskerming van individuele veiligheid en die beskerming van eiendom.
- Artikel 67 maak voorsiening vir die verpligte beskerming van rekords wat geprivilegeerd is in 'n regsding.

- Artikel 68 maak voorsiening vir die beskerming van die kommersiële inligting van 'n privaat instelling soos Experian, wat kan insluit:
  - bedryfsgeheime van Experian;
  - ander finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting wat waarskynlik Experian se finansiële of kommersiële belange sal skaad indien dit onthul word;
  - inligting wat Experian in onderhandelinge of kommersiële mededinging kan benadeel indien dit onthul word; of
  - sagteware wat Experian besit en wat deur kopiereg beskerm word.
- Artikel 69 maak voorsiening vir die verpligte beskerming van navorsingsinligting van Experian of 'n derde party waarvan die onthulling Experian, die derde party of die inhoud van die navorsing ernstig sal benadeel.

Alle versoeke sal op meriete en ooreenkomstig die toepaslike regsbeginsels en wetgewing beoordeel word. Versoeke vir inligting wat duidelik beuselagtig of ergerlik is, of wat 'n onredelike hoeveelheid hulpbronne in beslag sal neem, kan ook geweier word.

## **VI. REKORDS WAT NIE BESTAAN OF NIE OPGESPOOR KAN WORD NIE**

Indien rekords nie opgespoor kan word of nie bestaan nie, moet die inligtingsbeampte die versoeker deur middel van 'n beëdigde verklaring of bevestiging in kennis stel dat dit nie moontlik is om toegang tot die bepaalde rekord te verleen nie. Die beëdigde verklaring moet 'n volledige uiteensetting bied van alle stappe wat gedoen is om die rekord op te spoor en te probeer bepaal of dit werklik bestaan. Daarbenewens moet die verklaring alle kommunikasie bevat met elke persoon wat na die rekord help soek het.

Ingevolge artikel 55 word rekords wat nie bestaan of nie opgespoor kan word nie, beskou as 'n besluit om 'n versoek te weier. Indien die rekord opgespoor word nadat die versoeker in kennis gestel is dat die rekord nie opgespoor kon word nie, moet die versoeker toegang tot die rekord ontvang, tensy toegang geweier word op die gronde vir weiering in hoofstuk 4 van PAIA.

## **VII. FOOIE**

PAIA maak voorsiening vir twee tipes fooie, naamlik 'n versoekfooie en 'n toegangsfooie. Die versoekfooie is 'n administrasiefooie om 'n versoek vir toegang te oorweeg, en is nieterugbetaalbaar; die toegangsfooie dek die koste om die rekord te bekom en vir lewering voor te berei. 'n Versoeker hoef nie 'n versoekfooie te betaal vir toegang tot 'n rekord wat daardie versoeker se persoonlike inligting bevat nie.

Wanneer 'n versoek vir toegang ontvang word, moet die inligtingsbeampte die versoeker deur middel van 'n kennisgewing vra om die voorgeskrewe fooie (indien enige) te betaal voordat die versoek verder verwerk kan word [artikel 54(1)].

Die fooie wat versoekers aan Experian moet betaal, word in bylae D aangedui. Let daarop dat geen versoekfooie betaalbaar is indien die versoeker 'n persoonlike versoeker is nie.

Nadat die inligtingsbeampte 'n besluit oor die versoek geneem het, word die versoeker op die vereiste wyse in kennis gestel. Indien die versoek toegestaan word, moet 'n verdere toegangsfooie betaal word vir die opsporing, reproduksie en voorbereiding van die rekord, en vir enige oorskryding van die voorgeskrewe ure om die rekord op te spoor en vir openbaarmaking voor te berei [artikel 54(6)]. Experian kan ook in sekere gevalle (waar die versoek waarskynlik langer as ses uur sal duur om te verwerk) op 'n deposito aandrang. Die depositobedrag is gelykstaande aan 1/3 ('n derde) van die toepaslike toegangsfooie.

## VIII. BESKERMING VAN DIE PERSOONLIKE INLIGTING WAT EXPERIAN VERWERK

### i. Voorwaardes vir regmatige dataverwerking

Experian is 'n toonaangewende inligtingsdiensmaatskappy en beskik oor groot volumes data van individue en ondernemings. Die maatskappy gebruik die data in sy werksaamhede en in die uitvoering van sy bedryfs- en organisatoriese pligte, en veral in die loop van sy bedrywighede as 'n kredietburo.

In sommige gevalle bepaal Experian die wyse waarop en die doel waarvoor inligting verwerk word, en tree dan op as die verantwoordelike party. In ander gevalle dien die maatskappy as die operateur. Experian kan ook as 'n gesamentlike verantwoordelike party optree.

Hoofstuk 3 van POPIA bepaal die minimum voorwaardes vir die regmatige verwerking van persoonlike inligting deur 'n verantwoordelike party. Wanneer Experian die persoonlike inligting van 'n datasubjek verwerk, sal die maatskappy sorg dat:

- a. die data op 'n (a) regmatige en (b) redelike wyse verwerk word wat nie die privaatheid van die datasubjek skend nie;
- b. persoonlike inligting slegs verwerk word indien die doel waarvoor dit verwerk word voldoende, relevant en nie buitensporig is nie;
- c. data nie vir 'n ander doel verwerk word nie, tensy sodanige verwerking strook of versoenbaar is met die aanvanklike doel waarvoor die inligting versamel is;
- d. persoonlike inligting slegs verwerk word indien (a) die datasubjek of, indien die datasubjek 'n kind is, 'n bevoegde persoon tot die verwerking toestem; (b) verwerking vereis word vir die sluiting of uitvoering van 'n kontrak waarin die datasubjek 'n party is; (c) verwerking voldoen aan 'n plig wat die wet die verantwoordelike party oplê; (d) verwerking 'n regmatige belang van die datasubjek beskerm; (e) verwerking vereis word vir die behoorlike uitvoering van 'n openbare wetlike plig deur 'n openbare liggaam; of (f) verwerking vereis word om die regmatige belange te bevorder van die verantwoordelike party of 'n derde party aan wie die inligting verstrek word;

- e. data akkuraat is en bygehou word;
- f. persoonlike inligting nie gehou word vir langer as wat nodig is om die doel te bereik waarvoor die inligting versamel of gevolglik verwerk is nie, tensy (a) die wet die behoud van die rekord vereis of toelaat; (b) die verantwoordelike party die inligting redelikerwys vir regmatige doeleindes in verband met sy pligte of werksaamhede vereis; (c) 'n kontrak tussen die betrokke partye die behoud van die rekord vereis; of (d) die datasubjek of, waar die datasubjek 'n kind is, 'n bevoegde persoon tot die behoud van die rekord toestem;
- g. 'n rekord van persoonlike inligting vernietig of uitgewis of gedeïdentifiseer word so gou rederlikerwys moontlik nadat Experian nie meer oor die rekord mag beskik nie;
- h. die integriteit en vertroulikheid van persoonlike inligting in Experian se besit of onder die maatskappy se beheer verseker word deur toepaslike en redelike tegniese en organisatoriese maatreëls te tref om (a) verlies van, skade aan of ongemagtigde vernietiging van persoonlike inligting, en (b) onregmatige toegang tot of verwerking van persoonlike inligting te verhoed;
- i. inligting ooreenkomstig datasubjekte se regte verwerk word, waar dit van toepassing is. Datasubjekte het die reg om (a) in kennis gestel te word dat Experian hulle persoonlike inligting versamel; (b) te versoek dat Experian bevestig of die maatskappy oor hulle persoonlike inligting beskik, en om toegang tot 'n beskrywing van die inligting of tot 'n rekord daarvan te verkry (welke versoeke ooreenkomstig die bepalings van hierdie handleiding hanteer moet word); (c) te versoek dat onakkurate, irrelevante, buitensporige, verouderde, onvolledige, misleidende of onregmatig versamelde persoonlike inligting reggestel of uitgewis word (welke versoek ooreenkomstig die voorskrifte van die Nasionale Kredietwet moet geskied in soverre dit met verbruikerskredietinligting verband hou); (d) beswaar te maak teen Experian se gebruik van hulle persoonlike inligting, en te versoek dat sodanige persoonlike inligting uitgewis word (welke uitwissing onderworpe sal wees aan Experian se rekordhoudingsvereistes en -pligte ingevolge die Nasionale Kredietwet); (e) beswaar te maak teen die verwerking van persoonlike inligting vir die doel van direkte bemarking deur middel van ongevraagde elektroniese kommunikasie; (f) in kennis gestel te word van 'n sekuriteitskending of ongemagtigde datatoegang; en (g) 'n klag by die Inligtingsreguleerder in te dien oor 'n beweerde skending van enige van die regte wat in POPIA verskans word, en om 'n siviele geding aanhangig te maak ten opsigte van die beweerde versuim om die datasubjek se persoonlike inligting te beskerm.

## ii. Doel van die verwerking van persoonlike inligting deur Experian



Soos wat uit die voorafgaande gedeeltes blyk, mag persoonlike inligting slegs vir bepaalde doeleindes verwerk word. Die doeleindes waarvoor Experian persoonlike inligting verwerk of sal verwerk, word [hier](#) verduidelik.

**iii. Kategorieë datasubjekte, en die gepaardgaande tipes persoonlike inligting/spesiale persoonlike inligting**

'n Datasubjek kan ingevolge artikel 1 van POPIA hetsy 'n natuurlike of 'n regspersoon wees. Ons [Trust Centre](#) sit die verskillende kategorieë datasubjekte uiteen wie se persoonlike inligting Experian verwerk, sowel as die gepaardgaande tipes persoonlike inligting wat verwerk word.

**iv. Ontvangers van persoonlike inligting**

Ons [Trust Centre](#) beskryf die ontvangers aan wie Experian die persoonlike inligting van 'n datasubjek kan voorsien.

**v. Oorgrensoordrag van persoonlike inligting**

Wanneer die persoonlike inligting van 'n datasubjek aan 'n derde party in die buiteland voorsien word, sal Experian seker maak dat (a) die derdepartyontvanger onderworpe is aan 'n wet, bindende korporatiewe reëls of 'n bindende ooreenkoms wat 'n voldoende vlak van beskerming bied en wat (i) beginsels vir die redelike verwerking van inligting handhaaf wat wesenlik ooreenstem met die voorwaardes vir die regmatige verwerking van persoonlike inligting van 'n datasubjek wat 'n natuurlike persoon of, waar van toepassing, 'n regspersoon is, en (ii) bepalings insluit wat wesenlik ooreenstem met artikel 72 ten opsigte van die verdere oordrag van persoonlike inligting vanaf die derdepartyontvanger na ander derde partye in die buiteland; (b) die datasubjek tot die oordrag toestem; (c) die oordrag vereis word vir die uitvoering van 'n kontrak tussen die datasubjek en Experian, of vir die implementering van prekontraktuele maatreëls in reaksie op die datasubjek se versoek; (d) die oordrag vereis word vir die sluiting of uitvoering van 'n kontrak wat Experian en 'n derde party ter wille van die datasubjek aangaan; of (e) die oordrag tot voordeel van die datasubjek is, en dat (aa) dit nie redelikerwys uitvoerbaar is om die datasubjek se toestemming vir die oordrag te verkry nie, en (bb) indien dit redelikerwys uitvoerbaar was om sodanige toestemming te verkry, die datasubjek waarskynlik toestemming sou verleen het.

**vi. Beskrywing van inligtingsekuriteitsmaatreëls wat Experian sal implementeer**

Inligtingsekuriteit is vir ons van die allergrootste belang, en is die kern waarom ons werksaamhede draai. Ons het 'n uitgebreide inligtingsekuriteitsprogram met verskeie sekuriteitslae wat ons voortdurend aanvul en verbeter om kuberrisiko's te bestuur en af te weer. Vir verdere inligting oor ons sekuriteitsmaatreëls, klik [hier](#).

**vii. Beswaar deur 'n datasubjek teen die verwerking van persoonlike inligting**

Artikel 11(3) van POPIA en regulasie 2 van die POPIA-regulasies bepaal dat datasubjekte in enige stadium op die voorgeskrewe manier teen die verwerking van hulle persoonlike inligting kan beswaar maak. Raadpleeg gerus ons [Trust Centre](#) vir die proses om sodanige beswaar in te dien.

**viii. Versoek vir regstelling of uitwissing van persoonlike inligting**

Artikel 24 van POPIA en regulasie 3 van die POPIA-regulasies bepaal dat datasubjekte op die voorgeskrewe manier kan versoek dat hulle persoonlike inligting reggestel/uitgewis word. Raadpleeg gerus ons [Trust Centre](#) vir die proses om so 'n versoek te rig.

**ix. Privaatheidskennisgewing**

Vir 'n vollediger verduideliking van die tipes verwerkingsaktiwiteite wat jy van Experian kan verwag, en jou regte ingevolge POPIA en PAIA, lees asseblief ons [privaatheidskennisgewing](#).

**IX. BESKIKBARE REGSMIDDELE WANNEER EXPERIAN 'N VERSOEK WEIER**

**Interne regsmiddele:** Indien jy ontevrede is met die inligtingsbeampte se besluit, kan jy teen die besluit appelleer deur die inligtingsbeampte binne vyf dae ná ontvangs van die besluit van jou appèl in kennis te stel. Die inligtingsbeampte sal die besluit na die Experian Africa-dataprivaatheidskantoor verwys. Jy sal die finale besluit binne 15 dae ná jou kennisgewing van appèl ontvang. Die besluit van die Experian Africa-dataprivaatheidskantoor is finaal, en versoekers sal die eksterne regsmiddele tot hulle beskikking moet gebruik indien die versoek vir inligting geweier word en die versoeker ontevrede is met voormelde kantoor se antwoord.

**Eksterne regsmiddele:** 'n Versoeker wat ontevrede is met die inligtingsbeampte en/of die Experian Africa-dataprivaatheidskantoor se weiering om inligting te verstrek, kan binne 30 dae ná kennisgewing van die besluit 'n hof om bystand nader. Eweneens kan 'n derde party wat ontevrede is met die inligtingsbeampte en/of die Experian Africa-dataprivaatheidskantoor se besluit om 'n versoek vir inligting toe te staan, binne 30 dae ná kennisgewing van die besluit 'n hof om bystand nader. Die hof wat vir die doeleindes van PAIA regsbevoegdheid oor hierdie aansoeke het, is die Konstitusionele Hof, die hooggeregshof of 'n ander hof met soortgelyke status.

**X. ANDER INLIGTING WAT VOORGESKRYF KAN WORD**

Die minister van justisie en staatkundige ontwikkeling het nog nie enige regulasies in hierdie verband uitgereik nie.

## BYLAE A: EXPERIAN SOUTH AFRICA EN SY FILIALE

Naam	Direkteure	Kontakbesonderhede
Experian South Africa (Edms) Bpk	M Benvenuto P John NPA Dlamini F Pieterse (besturende direkteur)	Straatadres: Experian House, Ballyoaks-kantoorpark, uitbreiding 7, Ballyclarerylaan 35, Bryanston, Sandton 2191  Posadres: Ballyoaks-kantoorpark, uitbreiding 7, Ballyclarerylaan 35, Bryanston, Sandton 2191  Tel: 011 799 3400  E-pos: <a href="mailto:africalegal@experian.com">africalegal@experian.com</a>  Faks: 021 413 2424
CSH Group (Edms) Bpk	SM Rudman	Straatadres: Experian House, Neutronlaan 3, Tegnopark, Stellenbosch 7600  Posadres: Posbus 1028, Stellenbosch 7600  Tel: 021 888 6000  Faks: 021 413 2424  E-pos: <a href="mailto:africalegal@experian.com">africalegal@experian.com</a>
Compuscan Holdings International (Edms) Bpk	SM Rudman	
Compuscan Holdings South Africa (Edms) Bpk*	T Hermanus M Benvenuto P John	
Compuscan Information Technologies (Edms) Bpk*	FO Lenisa	
Experian Business Skills Institute (Edms) Bpk	P Moodley	
Techtonic Information Technology (Edms) Bpk*	FO Lenisa	
Prolinx (Edms) Bpk*	FO Lenisa	
PCubed Analytical Intelligence (Edms) Bpk*	MJ Reilly	Straatadres: Experian House, Ballyoaks-kantoorpark, uitbreiding 7, Ballyclarerylaan 35, Bryanston, Sandton 2191
Scoressharp (Edms) Bpk*	FO Lenisa	
Encentivize (Edms) Bpk*	FO Lenisa	

Encentivize Rewards (Edms) Bpk*	FO Lenisa	Posadres: Ballyoaks-kantoorpark, uitbreiding 7, Ballyclarerylaan 35, Bryanston, Sandton 2191
Scoressharp (Edms) Bpk*	FO Lenisa	Tel: 011 799 3400 E-pos: <a href="mailto:africalegal@experian.com">africalegal@experian.com</a> Faks: 021 413 2424

\* Ondergaan tans deregistrasie.

## BYLAE B: LYS WETGEWING

Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997

Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging 53 of 2003

Maatskappywet 71 van 2008

Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes 130 van 1993

Wet op Mededinging 89 van 1998

Grondwet van Suid-Afrika 108 van 1996

Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2009

Kopieregwet 98 van 1987

Doeane- en Aksynswet 91 van 1964

Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies 2 van 2000

Wet op Diensbillikheid 55 van 1998

Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962

Wysigingswet op Intellektuele Goederewette 38 van 1997

Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995

Wet op Langtermynversekering 52 van 1998

Nasionale Kredietwet 34 van 2005

Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996

Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993

Verjaringswet 18 van 1943

Wet op Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite 12 van 2004

Wet op Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite 33 van 2004

Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad 121 van 1998

Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000

Wet op Beskernde Openbaarmakings 26 van 2000

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000

Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013

Wet op Regulering van Onderskepping van Kommunikasie en Voorsiening van Kommunikasieverwante Inligting 70 van 2002

Wet op Korttermynversekering 53 van 1998

Wet op Vaardigheidsontwikkeling 97 van 1997

Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings 9 van 1999

Wet op Suid-Afrikaanse Reserwebank 90 van 1989

Wet op Handelsmerke 194 van 1993

Wet op Hereregte 40 van 1949

Wet op Beheer oor Trustgoed 57 van 1988

Wet op Werkloosheidsversekering 63 van 2001

Wet op Werkloosheidsversekeringsfondsbydraes 4 van 2002

Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde 89 van 1991

**BYLAE C: VERSKILLEDE Tipes Inligting Waaroor Experian Beskik (Ingevolge Artikel 51(1)(E))**

Onderwerp	Kategorie
Maatskappywet, korporatiewe beheer en sekretariële inligting	Dokumente oor korporatiewe struktuur Akte van inkorporasie en inkorporasiedokumente Trustaktes Statutêre opgawes Aandeelhouersooreenkomste Registers van direkteure, aandeelhouers, resolusies en ander statutêre registers Notules van direksie- en aandeelhouersvergaderings Volmagvorms Belangeverklarings deur direkteure Aandelesertifikate Rekords met betrekking tot die aanstelling van (i) ouditeure; (ii) direkteure; (iii) voorgeskrewe beampte; (iv) openbare beampte; en (v) maatskappysekretaris
Finansiële rekords	Rekeningkundige rekords Finansiële jaarverslae Finansiële jaarstate Bateregisters Bankstate en -rekords Bankbesonderhede en -rekeninge Debiteure-/krediteurestate en -fakture Algemene en hulp grootboeke Algemene rekonsiliasies Betaalde tjeks Beleide en prosedures Huurooreenkomste Belastingrekords en -opgawes Ooreenkomste Korrespondensie Koopopdragte Remises Fakture en state Statistieke Suid-Afrika-opgawes

<p>Inkomstebelastingrekords</p>	<p>LBS-rekords  Dokumente wat vir inkomstebelastingdoeleindes aan werknemers uitgereik word  Rekords van betalings aan SARS namens werknemers  Alle ander statutêre voldoenings:  BTW  Streeksdiensteheffings  Vaardigheidsontwikkelingsheffings  Werkloosheidsversekeringsfonds  Ongevalleversekering</p>
<p>Personeeldokumente en -rekords*</p>	<p>Enige rekords wat personeel aan Experian voorsien  Personeelinligting  Enige rekords oor personeel wat 'n derde party aan Experian voorsien  Werksaanbiedinge  Diensvoorwaardes  Diensooreenkomste  Dissiplinêre rekords  Evaluerings- en prestasierekords  Loopbaanontwikkelingsplanne  Verlof- en afwesigheidsbestuursrekords  Werkloosheidsversekeringsfondsopgawes  LBS-rekords en -opgawes  Statistieke oor swart ekonomiese bemagtiging  Diensbillikheidsverslae  Beleide, prosedures en kodes  Ander interne rekords  Rekords van sektorale onderwys- en opleidingsowerhede  Briewe en ander kommunikasie  Opleidingshandleidings en -rekords</p>
<p>Verkrygingsdepartement</p>	<p>Standaardbepalings en -voorwaardes vir verskaffing van dienste en produkte  Vorderingsverslae oor ondernemingsontwikkeling  Kontrakteurs-, derdeparty- en verskaffersoreenkomste  Derdepartylyste  Risikobeoordelingsvraelyste  Beleide en prosedures</p>



<p>Verkoopsdepartement</p>	<p>Kliëntebesonderhede          Diensaansoekinligting, waaronder omsigtigheidsondersoeke ten opsigte van kliënte          Inligting en rekords wat derde partye en kliënte voorsien          Kliënteooreenkomste          Bekendstellingsdokumente (“onboarding”)          Kliëntebedryfsinligting          Regsdokumente          Voorstel- en tenderdokumente          Bedryfsvereistes en projekplanne          Risikobestuursrekords          Standaardbepalings en -voorwaardes vir verskaffing van goedere en/of dienste          Werksopgawes          Diensvlakmonitering          Korrespondensie</p>
<p>Bemarkingsdepartement</p>	<p>Reklame- en promosiemateriaal          Bemarkingsveldtogte          Konferensies en geleenthede          Seminare en werksessies          Artikels en navorsing</p>
<p>Risikobestuur en audit</p>	<p>Notules van risikokomitee- en ander vergaderings          Ouditverslae          Risikobestuursraamwerke          Voorvalbestuur          Risikoherstelplanne          Risiko- en kwessieverslae</p>
<p>IT-departement</p>	<p>Planne vir herstel van bedryfskontinuiteit          Bateregisters          Beleide/standaarde/prosedures          Strategiedokumente          Projekimplementeringsplanne          Ooreenkomste          Dokumente en handleidings</p>
<p>Verbruikersrekords</p>	<p>Verbruikersidentifikasierekords          Verbruikerskredietinligting ooreenkomstig die Nasionale Kredietwet          Kredietrekords of ander navorsing deur Experian          Persoonlike en ander inligting wat deur middel van webtuistes versamel word</p>

	<p>Enige rekords wat 'n verbruiker aan Experian voorsien</p> <p>Enige rekords wat 'n derde party met betrekking tot 'n verbruiker voorsien</p> <p>Rekords oor verbruikers wat deur of binne Experian geskep word</p>
Ander	<p>Lys projekte wat met korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid verband hou/rekord van organisasies wat sodanige finansiering ontvang</p> <p>Verslae, boeke, publikasies en algemene inligting met betrekking tot besteding aan korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid</p> <p>Rekords en kontrakte met gefinansierde organisasies</p> <p>Aktes of ander bewyse van eienaarskap</p> <p>Inligting met betrekking tot ander partye, wat onder meer insluit kontrakteurs, verskaffers, gesamentlike ondernemings en diensverskaffers</p>

## BYLAE D: FOOIE

Die volgende fooie is betaalbaar ingevolge artikel 54	
Beskrywing van rekord	Fooi
Versoekfooie, betaalbaar deur elke versoeker	R140,00
Vir elke swart-en-wit-fotokopie van 'n A4-grootte blad of gedeelte daarvan	R2,00
Vir 'n kopie in 'n rekenaarleesbare vorm op: <ul style="list-style-type: none"> <li>(i) geheuestokkie</li> <li>(ii) kompakskyf</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>(i) R40,00</li> <li>(ii) R60,00</li> </ul>
Vir 'n transkripsie van visuele beelde, vir 'n A4-grootte blad of gedeelte daarvan	Diens kan uitgekonnekteer word. Fooi hang af van diensverskaffer se kwotasie.
Vir 'n kopie van visuele beelde	
Vir 'n transkripsie van 'n oudiorekord, vir 'n A4-grootte blad of gedeelte daarvan	R24,00
Vir 'n kopie van 'n oudiorekord op: <ul style="list-style-type: none"> <li>(i) geheuestokkie</li> <li>(ii) kompakskyf</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>(i) R40,00</li> <li>(ii) R60,00</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>(i) Om die rekord op te spoor en vir openbaarmaking voor te berei, vir elke uur of deel van 'n uur, buiten die eerste uur, wat redelikerwys vir sodanige opsporing en voorbereiding vereis word</li> <li>(ii) Bogenoemde heffing vir opsporing en voorbereiding mag in totaal nie meer wees nie as:</li> <li>(iii) Indien die soektog ses uur oorskry, is 'n deposito betaalbaar ten bedrae van:</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>(i) R145,00</li> <li>(ii) R435,00</li> <li>(iii) 'n Derde van die bedrag per versoek, bereken aan die hand van die koste om die vereiste rekords voor te berei</li> </ul>

Posgeld, e-pos of enige ander elektroniese versending, soos MFT	Werklike koste aangegaan, indien enige

## BYLAE E: VERWERKING INGEVOLGE POPIA – ONTVANGERS VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Ontvanger
Filiaal-, suster- en groepmaatskappye van Experian
Enige firma, organisasie of persoon wat deur Experian gebruik word om betalings in te vorder en skuld te verhaal of om 'n diens namens Experian te lewer
Produk- of diensverskaffers van Experian
Enige betaalstelsel wat deur Experian gebruik word
Regulerings- en regeringsinstansies of ombudspersone of ander owerhede, waaronder belastingowerhede, teenoor wie Experian 'n plig het om inligting bekend te maak
Derde partye aan wie betalings namens werknemers gemaak word
Finansiële instellings van wie betalings namens datasubjekte ontvang word
Enige ander operateur wat nie gespesifiseer word nie, of gesamentlik verantwoordelike partye
Werknemers, kontrakteurs en tydelike personeel
Agente
Kliënte (banke, kredietverskaffers, diensverskaffers, versekeraars en ander entiteite en persone) wat toegang tot data mag verkry op grond van intekening op Experian-produkte en -dienste

Datum	Dokumentweergawe	Besonderhede van wysiging	Outeur
1 September 2007	1.0	Opstel van dokument	Astra Bester
1 November 2008	2.0	Bywerking van liassering	Annabelle Reddy
28 Januarie 2010	2.1	Bywerking van adres	Annabelle Reddy
15 Mei 2020	V3.0	Hersiening en bywerking	Melissa Engelke
18 Augustus 2020	V3.1	Wysiging van direkteur- en maatskappyname	Melissa Engelke
17 Februarie 2021	V4	Hersiening en bywerking	Illze Orien-Williams
30 April 2021	V5	Hersiening om aan die hand van POPIA by te werk	Annelene Dippenaar
30 Junie 2021	V5.1	Hersiening om aan die hand van POPIA by te werk	Annelene Dippenaar
18 Desember 2021	V5.3	Hersiening om aan die hand van PAIA-regulasies by te werk	Sikhu Mabece